Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

PENSIOENE OMSENDSKRYWE 2 VAN 2023

Aan: Alle lede en deelnemende werkgewers van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

SANLAM REALITY (REALITY ACCESS FOR SANLAM GROUP RISK)

In die onlangse verlede het lede die pensioenkantoor gekontak oor SMS'e wat hulle ontvang waarin hulle meegedeel word van afslag koepons waarvoor hulle kwalifiseer sowel as ander voordele.

Hierdie *lojaliteitsprogram* is aan die Bestuurskomitee van 13 Maart voorgelê sodat die voor- en nadele daarvan bespreek kan word. Die besluit was om 'n omsendskrywe uit te stuur wat die lojaliteitsprogram in meer detail verduidelik.

Die volgende word gebied:

Dag-tot-dag spaar in die vorm van afslag koepons vir kruideniersware by Shoprite en Checkers.
Persoonlike dienste in die vorm van begrafnisondersteuning, mediese nooddienste, regs ondersteuning, trauma ondersteuning en *Ivy* aanlyn opvoedkunde program.
Wealth Sense in die vorm van toegang tot 'n finansiële welstand portaal wat inligting en artikels bevat wat lede se finansiële welstand bevorder.

Alle lede van die fonds behoort aan een of meer skemas wat deur Sanlam Groep Risiko (SGR) onderskryf word. As gevolg hiervan, kwalifiseer alle lede outomaties vir hierdie lojaliteitsprogram. Hierdie sogenaamde lojaliteitsvoordele is nie deel van die groeppolis nie en is daarom nie onderskryf nie en geen voordele wat gebied word, word gewaarborg nie.

Omdat lede outomaties vir die lojaliteitsvoordele kwalifiseer, is hulle reeds vooraf geregistreer vir die program op grond van hul ID nommers. Om toegang tot die voordele te verkry, moet lede aanteken op die *Sanlam Reality* se webwerf: (https://www.sanlamreality.co.za). Hierna moet die verdere stappe soos aangedui, gevolg word. Alle lede wat reeds op Sanlam se webwerf geregistreer is om sodoende hul fondsvoordele aanlyn te kan besigtig, kan via hierdie registrasie ook op *Sanlam Reality* portaal toegang verkry.

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith

Daar is geen kostes verbonde aan die voordele wat gebied word nie. Die gebruik van die voordele is egter totaal in die hande van die lid en is die Fonds, die konsultante en ander lede wat betrokke is by die bestuur en administrasie van die Fonds, hoegenaamd nie betrokke nie en kan geen navraag aan hulle gerig word nie.

Daar is opgraderingsopsies beskikbaar wat lede geld sal kos maar vir groter voordele. Weereens sal hierdie as ‘n aparte kontrak tussen die lid en *Sanlam Reality* wees en sal nie gekoppel wees aan die groepskemas nie.

In kort, daar mag voordele aan hierdie program gekoppel wees maar dit is duidelik die besluit van elke individuele lid of hulle van hierdie voordele gebruik wil maak. Hierdie is daarom nie ‘n pensioenfondsvoordeel nie maar wel gekoppel aan Sanlam Groep Risiko (SGR) wat lede se sterfte en ongeskiktheidsdekking onderskryf.

Die enigste nadeel hiervan in die oordeel van die bestuurskomitee is dat die bemarking vanaf SGR waarskynlik meer aggressief sal wees om sodoende lede op die betaalde opsies te kry.

Daar is ‘n aparte inligtingstuk beskikbaar wat baie meer detail oor die lojaliteitsprogam bevat. Ek heg dit nie hierby aan nie maar sou u belangstel, stuur gerus ‘n epos aan my en ek stuur dit aan.

Alles van die beste

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER